

# Oestyd-nuusbrief

1ste kwartaal 2010

## SENDINGFEES : 21-28 Februarie 2010

*U word hartlik uitgenooi om die volgende by te woon:*

**So 21 Febr 09:00** Erediens : Fokus op die **Koerde in Armenië**

**So 21 Febr 18:30** Jeugdiens : Fokus op **Frankryk** - dr Corné du Plooy

**Ma 22 – Do 25 om 18:30:** Elke aand luister ons na **Martin de Lange** (van **OM**) wat praat oor die gemeentes in Openbaring 2 en 3 (wat geografies in die huidige Turkye geleë is), en kry ons **inligting oor sendelinge/sendinggebiede:**

**Ma 22 Febr 18:30** Fokus op **Mosambiek** - Allen en Ansie vd Merwe

**Di 23 Febr 18:30** Fokus op **Limpopo Sending** - ds Hannes Peens

**Wo 24 Febr 18:30** Fokus op **Laudium Uitreik**

**Do 25 Febr 18:30** Fokus op **Sending Sonder Grense** -Ds Leon Tait(15min DVD)

**Vr 26 Febr 18:30** Uitreik Kuieraand : DVD (Louie Giglio) met wafels en roomys (R15 per persoon)

**Sat 27 Febr 9:00-13:00** Uitreik Toerusting : hoe om ander van Jesus te vertel

**So 28 Febr 09:00** Erediens : Fokus op **Koerde** - Dana

**So 28 Febr 17:30–18:30** Coram Deo Aanbiddingsdiens -met gebed vir sending

**So 28 Febr 18:30** Jeugdiens met fokus op **sending** - Louis Scheepers

### **GELOOFSOFFERBELOFTE :**

Elkeen kry die geleentheid om tydens So 28 Febr se dienste hul geloofsofferbelofte te maak/te hernu vir die tydperk

1 Maart 2010 tot 28 Febr 2011

## FRANKRYK : Corné en Sophie du Plooy met Claire, Thomas en Sébastien

### Bekendstelling

Corné is 'n Oos-Kapenaar van geboorte (Uitenhage). Hy matrikuleer in 1984 aan die Hoërskool Brandwag op Uitenhage. In matriek kry hy die roeping om as predikant te gaan studeer. Hy begin in 1985 sy studies aan die Universiteit van Port Elizabeth. Gedurende hierdie tyd is hy aktief betrokke by die ACSV en die Admissiebond (Teologiese vereniging – o.a. voorsitter). Vanaf 1986 begin die Here met hom te praat oor sending, veral d.m.v. die Sendingweke.

Na 'n honneursgraad in Grieks en 'n eerste jaar Meestersgraad (Grieks) aan die Universiteit van Port Elizabeth, sit hy in 1990 sy studies voort aan die Universiteit van Pretoria. Vanaf 1990 raak Frankryk as bedieningsveld al hoe duideliker. Hy ontmoet ds. Piet Grobler en raak betrokke by die Gesamentlike Kommissie vir Evangeliebediening in Frankryk (GKEF) en skryf dan ook sy finale jaar skripsie (1992) oor die Ned Geref Kerk se sendingwerk in Frankryk.

Hy voltooi in 1992 sy BD-graad by UP asook sy M.A.-graad (Grieks) by UPE en word in hierdie jaar gelegitimeer. In 1994 behaal hy sy M.Th.-graad in Pastorale Gesinsterapie, en in 2004 sy Ph.D. in dieselfde rigting.

Hy vertrek einde September 1995 na Aix-en-Provence, Frankryk, vir een jaar taalstudie en daarna een jaar “informele studie” by die Teologiese Fakulteit van Aix-en-Provence. Gedurende hierdie tyd kon hy ook sy voete vind in Frankryk en uitvind waar hy hom kon vestig. In Oktober 1997 verhuis hy na Montpellier waar hy 8 jaar lank werksaam was. Gedurende hierdie tyd is hy betrokke by die plaaslike gemeente van die Evangelies-Gereformeerde Kerk (prediking, huisbesoek, uitreiking), by berading via *Family Life Mission*, by atletiek en later driekamp (as 'n konteks om uit te reik na mense) en doen hy navorsing vir sy proefskrif.

In Augustus 2005 aanvaar hy 'n predikantspos in Toulouse (suid-wes Frankryk) in die Evangelies-Gereformeerde Kerk. Dit is 'n gemeente met 60 lidmate, en 'n erediensbywoning van +-50 – 'n groei van 20 lidmate in 5 jaar. Daar is ook lede wat aktief betrokke is, maar wat nie amptelik lidmaat wil wees nie.

Corne dien tans op die bestuur van die streeksinode, die Teologiese Kommissie, Kommissie vir voortgesette Christelike opleiding, en op die Raad van die Teologiese Fakulteit van Aix-en-Provence. Plaaslik is hy lid van die dagbestuur van die interkerklike vereniging van Toulouse (Protestant) en afgevaardigde van laasgenoemde op die inter godsdienstige komitee (Protestant/Katoliek/Ortodoks).

In Julie 2002 ontmoet hy vir Sophie (Clément) tydens 'n somerkamp in die Pirenese berge. Hulle raak in November 2002 verloof en trou 28 Junie 2003. Hulle eersteling, Claire word 1 November 2004 gebore, Thomas 19 Maart 2006, en Sébastien 29 Desember 2008.

## **Toulouse**

Toulouse is 'n stad in die suidweste van Frankryk op die oewers van die Garonnerivier, 590 km vanaf Parys en halfpad tussen die Atlantiese Oseaan en Middellandse See. Die stad het 800 000 inwoners, 1,1 miljoen in die metropolitaanse area, en 100 000 studente (een van die oudste universiteite in Europa, gestig in 1229). Dit is die 4de grootste stad in Frankryk.

Toulouse is die basis vir die Europese Ruimtenavorsing, vir die hoofkantoor van die Airbus-industrie, van die Galileo 'positioning system', van die SPOT satelietsisteem, van CNES se Toulouse Ruimte-sentrum (grootste in Europa). Thales Alenia Space, Europa se grootste satelietvervaardiger, en EADS Astrium Satelites het ook hulle basis in Toulouse.

Daar is ongeveer 50 verskillende Christelike groepe en Kerke in die Toulouse metropolitaanse area (wat ongeveer 2000 christene verteenwoordig). Daar is 'n groot verdeeldheid tussen hierdie kerke, aangesien die meeste deur kerkskeurings ontstaan het.

### ***The French paradox***

*Nobody could doubt that France in the twenty-first century has honestly earned its title of "The French Paradox." Once proudly considered as "the eldest daughter of the Catholic Church", a poll in 2007 revealed that only 51% of the French population describe themselves as Catholics, BUT only half of those said they believed in God.*

*Protestants represent 3% of the population while 4% are Muslims.*

*In France going on strike is a serious national sport and grumbling about everything the default attitude. If you ask a Frenchman why the Cock is the national emblem, he will happily reply: "Because it's the only animal which can stand on a pile of dung and sing victoriously."*

*France is also the country that gave birth, in 1789, to the "Declaration of the Rights of Man and of the Citizen", a model copied by many countries since, with or without the help of the guillotine.*

*In the 1880's laïcité (freedom of conscience, or secularism) became fundamental to the concept of the republic, and this was confirmed in 1905 by the famous law on the Separation of the Churches and the State.*

*France has more sceptics/atheists than any European country (around 30%) and probably one of the best health care systems in the world. It also holds the absolute world record for the consumption of tranquillizers, sleeping pills and antidepressants.*

*In France one is perfectly free to speak about religion, but nobody (or almost) will listen. France has become a country where religion doesn't matter, it is a non-subject. It has been said that a Christian missionary, faced with the alternatives, can either go to France, or choose the easier option of going to India and getting persecuted, tortured and killed.*

*There is a highly developed social awareness in France, and a real desire to be useful in the world. Perhaps "Médecins sans Fron-tières" (Doctors without Borders) is the most striking example. But the origins of this altruism have denied their Christian origins. So many people just don't feel the need for God.*

*This is France's tragedy: a truly Godless morality, with Prozac to fill up the God-shaped hole in everyone's hearts.  
The French paradox.*

*A famous French writer, Frédéric Dard once said, "If God could create this whole vast universe without even existing, then that is a real miracle." That makes people smile for a moment, and then it is forgotten.*

*The French love to say, "God helps those who help themselves." The tragedy is this - they have helped themselves for so long now, they have forgotten God.*

*In the South of France, there is a South African pastor, a Dutch pastor, a Welsh Pastor and a couple of American pastors. You get the picture? Never has a nation been so much in need of the knowledge of God, the Gospel message - the Love of God.*

*Richard Morgan*

*(Gemeentelid, bekeer 12 April 2008, gewese ateïs, Richard Dawkins-kenner)*

## **Bedieningsaspekte**

Ons het in 2009 sekere hoogtepunte gehad. Een daarvan was ons London-besoek (Projek 007). Ons was sestien (12 tieners/jongmense en 4 volwassenes) wat

hierdie besoek gedurende die week van Paasfees meegemaak het. Behalwe vir die algemene toeriste besienswaardighede, het ons die Holy Trinity Brompton Kerk, 'n Baptiste Kerk en SA Gemeente besoek. Die groep het by Suid-Afrikaners tuisgegaan – ons was getreat met gasvryheid waaraan die Franse nie gewoond is nie.

Nog 'n hoogtepunt was die naweek 8-10 Mei. Ons kerk denominasie het sy amptelike naamsverandering gevier. Dis nou: Nasionale Unie van Protestantse Gereformeerde Evangeliese Kerke van Frankryk. Daar is 'n lang geskiedenis agter hierdie stap.

Vir die eerste keer het ons 'n spesiale erediens in die begin van die akademiese jaar gehad (September): koffie/kroissantediens. Ons het die meeste banke uit die kerk uitgehaal en tafels en stoele uitgepak en mooi versier. Ek het die hele erediens nav uittreksels uit verskillende films aangebied (Mission, Chariots of fire, Wall-E, The passion of Christ, A beautiful mind). Dit was 'n groot sukses gewees en het selfs al ons verwagtinge oortref.

Ons Kersete (2de Sondag van Desember) was 'n sukses. Ons was 130 mense by die ete wat hierdie keer deur die gemeentede self voorberei is – nie sonder onderlinge stres nie! Die middag het verskeie groepe (veral die kinders) ons beïndruk met hulle sang en toneelstukkies.

Die aand van die 24ste Desember het ons 'n Kersdiens gehad wat deur 35 mense bygewoon is. Dit is die 3de jaar wat ons dit reël en elke keer is daar 'n bietjie meer mense.

As afgevaardigde van die Interkerklike Protestantse Vereniging van Toulouse (IPVT) reël die Interkonfessionele komitee (Protestant/ Katoliek/ Ortodoks) sekere aktiwiteite gedurende die jaar waarby ek ook betrokke is, bv. 'n Kerssangdiens waarby 5/6 kore betrokke is, Gebedsweek vir die Eenheid onder die Christene (3de week van Januarie) met 'n byeenkoms "priesters/dominees/diakens", gesamentlike diens op Goeie Vrydag. Ons het ook die projek om 'n "Spirituel Centre" op die lughawe van Toulouse in te stel. Die IPVT neem ook deel aan die Internasionale Gebedsweek (2de week van Januarie) en reël verskeie bidure regoor die stad gedurende die week ([www.protestants-evangeliques-31.org](http://www.protestants-evangeliques-31.org)).

Die Teologiese Kommissie (waarvan ek lid is) is besig om die eerste 6 teologiese standpunte (van 12) van ons kerk te finaliseer vir publikasie. Ons probeer dat elke standpunt nie 6 A4 bladsye oorskry nie.

As lid van die raad van die Vrye Fakulteit vir Gereformeerde Teologie van Aix-en-Provence is 'n mens meer met die administratiewe bestuur van die fakulteit besig.

Een groot aspek hiervan is die finansies. Dit is 'n private fakulteit en kry dus geen staatsubsidie nie. 'n Jaarlikse begroting beloop +-R8 miljoen wat jaarliks gevind moet word. Die beleid is dat elke professor sy eie fondse vir sy salaris moet werf.

In 2010 wil ons meer aandag gee aan uitreik en opleiding. Die tekort aan manne/vrouekrag en die tekort aan die beskikbaarheid van diegene wat ons het, maak dit moeilik om gereelde aktiwiteite te reel: gebedsaak!

### **Finansies**

'n Predikantspos kos 33 000 euros/jaar. Die gemeentebegroting beloop 12000 euros jaarliks (minimum begroting sonder instandhouding van geboue). Dus 'n jaarlikse begroting van 45000€. Die gemeente voorsien in 50% van dié begroting (waarvan 20% voorsien word deur die bydraes van 3 ander kerkgroepe wat ons geboue gebruik). Verder kom 18% vanuit Suid-Afrika en 32% vanaf die streeksinode. Lg bydrae verminder jaarliks met 4% (en die gemeentebydae verhoog met 4%). Die internasionale ekonomiese krisis raak ook die kerkbydraes (soos vir baie ander gemeentes) en maak hierdie jaarlikse verhoging moeilik.

### **Haïti**

Ons gemeente ondersteun die afgelope 25 jaar 'n dogter van ons gemeente, dr. Claire Chappuis. Sy is betrokke in 'n kindershuis, Eben Ezer, en kliniek, naby Gonaïves. 18 maande gelede is die kindershuis en die kliniek getref deur geweldige oorstromings. 12 Januarie 2010 is die anderkant van die eiland deur geweldige aardbewings getref (meer as 100 000 sterftes). Hulle is nou betrokke om die vlugteling, beseerdes en haweloses te help, huisvesting te verskaf en medies te versorg. Ons probeer ook om haar ondersteuningsbasis uit te brei. Bid asb vir hierdie werk.

### **Evangelisasieprojek**

Ons het julle addisionele finansiële hulp vir 'n evangelisasieprojek nodig: ontwerp, vertaling/skryf en druk van evangelisasietraktaatjies (Paasfees, Pinkster, Kersfees, ens), reël van 2 gratis konserte (R3500 per konsert), aankoop van 'n bybelopleidingskursus vir gebruik in opvolgwerk (soortgelyk aan die Alphakursus, maar korter) en gerig op spesifieke groepe (jeug, enkellopendes, jonggetroudes, gesinne, ens).

### **Gesoek**

#### *Helpers:*

Ons wil weet of daar vrywilligers is wat vir ons wil kom uithelp (maksimum 3 mde op 'n slag) : musikante, handy-man/vrou, jeugwerkers, ens. - selfs al kan julle nie die taal praat nie. Kontak ons!

## Gebedsversoeke

- Bid vir ons gemeente se getuie-aksie in die stad en dat die gemeente bewus word van die noodsaaklik van 'getuie-wees'.
- Bid vir die geestelike verdieping van ons lidmate en dat ons ook in hulle geestelike behoeftes sal kan voorsien.
- Bid vir ons gemeentekinders en jongmense.
- Bid vir ons eredienste: predikers, musikante, elkeen wat ons eredienste bywoon.
- Bid vir die gemeente se finansies: predikantspos, renovasie van geboue, effektiewe bediening.
- Bid vir die gesondheid van ons gesin. Ek moes in Desember 2 oog-operasies (laser) ondergaan omdat my retinas begin lostrek het. Die kinders het ook sekere allergieë. By die skool 'deel' die kinders natuurlik ook al hulle siektes.

## Eglise Réformée Evangélique

24-26, rue du Sergent Vigné – 31500 Toulouse

Tel: 05 61 80 82 74

Epos : [eretoulouse@wanadoo.fr](mailto:eretoulouse@wanadoo.fr)  
toulouse.org/

Site : <http://www.erei->

Dr. Corneille du PLOOY

Tél. 06 68 89 80 61

Epos : [corne.du-plooy@wanadoo.fr](mailto:corne.du-plooy@wanadoo.fr)

**ABSA** - Port Elizabeth - Spaarrekening - N° 9058 097 7410

## Allan en Ansie van der Merwe skryf uit GURUE - MOSAMBIEK

*Nuusbrief van 13 Januarie 2010*

### **Nuus uit Gurue:**

Van Gurue af het ons die nuus ontvang dat dit nog goed gaan met die radio projek, alles loop nog klop disselboom.

Dit gaan goed met ons wagte en diere daar bo. Daar was twee rowers op die erf en het van ons batterye vas gelê: toe die een rower ons wagte sien, het hy die battery neergegooi en laat spaander. Die ander battery het die wagte in die teebose langs die erf opgetel.

Chabwe skool is nog nie aan die gang nie, begin eers laat in Februarie na die lang vakansie.

### **Nuus vanuit Suid-Afrika:**

Ons het lekker gerus oor die Kers-seisoen. Ons het intussen 'n kleinkind ryker geword en het ook weer 'n familie troue gehad. Dit was heerlik om net weer saam met ons kinders te kon kuier en die klein kinders te geniet.

Ons moes ons paspoorte hernu, maar in die proses het binnelandse sake ons huidige paspoorte gekanselleer. Dus kan ons nie op hierdie stadium die land verlaat sonder die nuwe paspoorte nie. Bid saam met ons dat dit nie te lank neem voordat ons die paspoorte kry nie.

Ansie was dokter toe vir die pyn in haar regter sy (sukkel al vir 'n jaar lank daarmee). Bid asb dat die uitslae nie ernstig sal wees nie, maar dat hulle sal sien wat is fout. Ons wag ook vir terugvoer oor die voet – dit lyk of sommige beentjies nie geheg het nie.

### **Besoekprogram:**

31 Januarie	Stilfontein (oggend) en Klerksdorp-Suid (aand)
7 Februarie	Kroonstad-Oos
16 Februarie	Lynnwoodrif Getuieniskommissie
22 Februarie	Rietfontein-Suid
28 Februarie	Delmas
7 Maart	Witbank Klipfontein gemeente.

*Ons versoek vir gemeentes tydens besoeke:* Ons wil graag meer persoonlike verhoudinge aanknoop en mense in die gemeentes leer ken. Indien moontlik sal dit goed wees om in die week van ons besoek, een of 2 afsprake te reël by 'n omgeegroep of Bybelstudie groep

*Terug na Gurue:* Ons wil graag die jaar begin met ons mini silo projek en ook met die bou van 'n kerk op die perseel. Die sinode het gevra na die moontlikheid van 'n kerkie in die dorp, maar kostegewys is dit goedkoper om op die perseel waar ons woon die kerk te bou.

Die Here se seën vir julle in die nuwe jaar en mag julle die geleentheid kry om ons te kan besoek daar bo in Gurue.

Groete  
Allen en Ansie

Email: [mosambieksgiving@gmail.com](mailto:mosambieksgiving@gmail.com)  
Kontakt no: +258 822684260 Moz.  
+27 719346893 SA.

## Laudium Outreach Group (LOG)

*Uittreksels van die verslag ontvang in Januarie 2010*

### 1 MINISTRY GOAL

Reaching out and equipping and empowering the church of Christ to reach out to Muslims and Hindus with the love of Christ - regularly (weekly or bi-weekly) and in an organised manner (either through Bible studies or through evangelism and mercy ministries).

### 2 OBJECTIVES

The following objectives will be pursued to achieve this ministry goal:

- Evangelising Muslims and Hindus (and others).
- Discipleship of Christians (specifically focussing on young Christians originating from the Muslim and Hindu religion).
- Exposing and training Christians to the Muslim and Hindu cultures and religions, in order to make them open to witnessing and prayer for Muslims and Hindus, locally and internationally.
- Meeting the needs of Christians, Muslims and Hindus – in order to practically show them the love of Christ.

#### 2.1 *Activities used for evangelising Muslims and Hindus (and others)*

- Reach-out to Muslims and Hindu's on a regular basis.
- Show the Jesus Film during an evangelistic outreach in Laudium
- Regular prayer sessions
- Establish a book shop/coffee shop/internet café/prayer room in Laudium – still looking for a suitable shop
- Prayer walks
- Source and give our Bibles / tracks / literature / CD's / DVD's relevant for reaching Muslims and Hindu's with the gospel of Jesus Christ.
- Study, define and update methodology to reach out to Muslims and Hindu's.

## 2.2 *Discipleship of Christians*

- Bible studies
- Regular visits; phone calls
- Friendship outings and/or trips with specific Bible study groups and or families
- Outreaches (in Laudium and the wider Pretoria) together with young Christians

## 2.3 *Exposing Christians to the Muslim and Hindu cultures and religions*

- Organising witnessing talks in churches (Fatima, Sakina, Sada, etc.)
- Outreaches (in Laudium and the wider Pretoria)
- Friendship outings and/or trips with specific Bible study groups and or families
- Prayer walks and tours in and around Laudium (to Mosques, Hindu Temples, etc.)
- Training with regards to Muslim and Hindu evangelism (CCM, ELO; Frikkie Mulder; Perold de Beer; Johan Naude; Piet Smit; John Gilcrest; Jannie Coetzee, etc.)
- Invite Christians to be part of CCM – Christians Concerned for Muslims.

## 2.4 *Meeting the needs of Christians, Muslims and Hindus*

- Providing in the physical needs of specific individuals – where appropriate, during outreaches and other occasions.
- Helping individuals – where possible – to become self sufficient by initiating small entrepreneurship.

# 3 COOPERATION WITH LOCAL CONGREGATIONS

It is the desire of the LOG to cooperate with all Christian congregations and organisations in and around Laudium and the greater Pretoria, in order to reach and make disciples, as many Muslim's and Hindu's as possible for the Lord Jesus Christ.

# 4 TEAM

The Laudium Outreach Group (LOG) has more than 16 team members that participate in the varies ministries of LOG:

- 7 members attend regularly on Monday nights; while

- 5 Jamila ladies – some are partaking in the Bible study on Tuesdays; while others partake in the Job creation project.

The LOG's intention is to expand the group by exposing other Christians and congregations to the ministry to Muslims and Hindu's.

## Ds Leon Tait vertel oor SENDING SONDER GRENSE

**Groot dank aan almal wat so getrou vir hierdie bedieningswerk bid.** Via Sending Sonder Grense word heelwat kinders in Oekraïne en Moldawië deur lidmate van ons gemeente geborg. Ons Kategesekinders borg ook 'n seun in Oekraïne, naamlik **Sergiy Denysenko** (gebore 25/12/2000). En vanaf Maart 2010 word 'n seun (**Vadym Ovsichuk**, gebore 10/3/1998) en 'n dogter (**Iryna Zhuchenya**, gebore 17/6/2002), albei in kinderhuise in Oekraïne, deur die Taakspan Sending namens Rietfontein-Suid Gemeente geborg.

Des 2009 was dit 20 jaar terug dat kommunisme tot 'n val gekom het en die Berlynse muur letterlik afgebreek is. Ongelukkig het kommunisme 'n slegte nalatenskap: bankrot regerings, erge armoede, geweldige maatskaplike probleme, en oorvol kinderhuise (bv: in Oekraïne is daar 300 kinderhuise, en in Roemenië is daar 630).

Ek is steeds, met toestemming van ons gemeente se Diensverhoudinge Taakspan en Kerkraad, besig om op die Sondae wanneer ek nie by Rietfontein-Suid preek nie, by Afrikaanse gemeentes namens SSG te preek, 'n aanbieding oor SSG se werk te doen en borge vir kinders/families te werf.

Ek probeer om elke maand vir 20 kinders in kinderhuise borge te kry teen R160 per maand (dit is genoeg om in hierdie oud-Russiese lande letterlik vir alle basiese lewensmiddele wat 'n kind nodig het, te betaal, asook in hul geestelike, opvoedkundige en emosionele behoeftes te voorsien).

*Die Here is uiters getrou! Orals waar SSG se werk in gemeentes bekendgemaak word, raak Hy lidmate se harte aan om maar nie net vir hierdie saak te bid nie, maar om ook self kinders te borg. Party verkies om eerder 'n bydrae (vanaf R80 pm) tot die Cernoleuca kinders in Moldawië te maak - dit beteken 'n verskil in 75 kinders se lewens - en ander verkies om eerder 'n gesin te help borg (om sodoende te keer dat daardie gesin se kinders in die kinders huis land). R600pm is nodig om in die behoeftes van 'n gesin te voorsien, maar ons deel dit op in 4 borgskappe van R150 pm elk.*

**Hou asseblief aan om die Here te dank vir sy seën op hierdie bediening, en bly bid vir nuwe afsprake – dat gemeentes bereid sal wees om vir my 'n preek- en aanbiedingsgeleentheid tydens 'n oggenddiens te gee.**

Indien u deurlopend (so een keer per week via sms – nie tydens skoolvakansies nie) terugvoer wil kry en wil bid vir hierdie saak, kontak/sms my asseblief by 082 601 4235 of by [taitgesin@yahoo.com](mailto:taitgesin@yahoo.com)

**Indien u meer wil weet of wil betrokke raak deur bv 'n kind te borg, of u wil hê dat ek by u omgegroepe of by bv 'n groep by u werk meer moet kom vertel en wys van hierdie werk wat Sending Sonder Grense doen, is u meer as welkom om my te kontak.**

## Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Ds Corné du Plooy  
Sending Sonder Grense  
Ds Hannes Peens (Limpopo)

Ds Leon Tait  
012-333 2470

Koerde  
Dana

Cobus de Waal  
082 749 7846

Mosambiek radiostasie  
Allen en Ansie vd Merwe

Japie en Ena le Grange  
012-331 3953

Gebedsketting  
Laudium

Alet Briers  
012-331 1311

Alta Glas

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-belofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou.

Indien u die Oestyd voortaan elektronies wil ontvang, stuur asb 'n e-pos na [hdt@telkomsa.net](mailto:hdt@telkomsa.net) met die onderwerp Oestyd.

Sendinggroete in Christus  
**Taakspan vir Sending**  
NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615  
Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)